

Nuwe US-leerstoel

Theron gewortel in SA vrugteboorde

Min dinge is vir sagtevrugtekenner prof. Karen Theron so lekker soos om met praktiese proewe in die boord besig te wees. Of om na 'n vrugteboom te kyk en dit as't ware te kan 'lees' en te weet hoe dit behandel moet word om die beste moontlike produksie te verseker. En om hierdie vermoë ook aan haar voor- en nagraadse studente oor te dra.

Dis met hierdie vaardighede en motivering in plek wat prof. Theron die volgende uitdaging in haar loopbaan aanpak: as die eerste bekleër van die Leerstoel in Toegepaste Vooroes Sagtevrugtenavorsing aan die Universiteit Stellenbosch. Die leerstoel se werksaamhede fokus op die vooroes kant van die bedryf, en dus wat in die boorde gebeur.

Die leerstoel word deur HORTGRO Science en die US befonds. Dit is in die US Departement Hortologie gesetel, wat reeds ook die tuiste is van prof. Linus Opara se Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoel in Na-oes Tegnologie.

Volgens Hugh Campbell, hoofbestuurder van HORTGRO Science, versterk die leerstoel die waardevolle skakeling wat reeds tussen die akademie en die bedryf bestaan. "Hortologie is die kern dissipline waarop ons vrugtebedryf gebou word, en daarom moet ons voortdurend verseker dat genoeg kundigheid plaaslik opgelei word," verduidelik hy. "As kundige mentor het prof. Theron die vermoë om navorsingsbevindinge aan die bedryf oor te dra en te help implimenteer."

HORTGRO Science, die navorsingsdynamo van die Suid-Afrikaanse sagtevrugtebedryf, ondersteun reeds verskeie navorsingsposte aan die US en het die afgelope tien jaar meer as R15 miljoen in studentebeurse belê. HORTGRO Science inisier en lei navorsing in die bedryf om in die kort- en langtermyn behoeftes van vrugteprodusente te voorsien, met die doel om internasionale marktoegang, beter kwaliteit vrugte en volhoubare landboumetodes te verseker.

"Heelwat toegepaste navorsingswerk word in die US Departement Hortologie gedoen op onderwerpe wat relevant is vir die bedryf," verduidelik prof. Theron. "Dit beteken jy moet jou skoene gereeld vuilmaak en in die boorde kom om te weet wat gebeur en waaraan aandag gegee moet word."

Saam met haar nagraadse studente doen sy tans proewe op onder meer pere, appels en steenvrugte soos pruime, nektariens en perskes. Sy werk op die gebruik van groeireguleerders asook chemiese of meganiese uitdunning van steenvrugte en kernvrugte. Daarby fokus haar studies ook op die voor- en nadele verbonde aan die gebruik van ander meganisasiemoetodes in die plaaslike sagtevrugtebedryf, soos oessisteme, uitdunningsmasjienerie en platforms waarop werkers kan staan en werk.

HORTGRO Science hoop dat prof Theron se nuwe posisie haar die ruimte sal gee om ook by strategiese kwessies in die plaaslike bedryf betrokke te raak, soos die gehalte en evaluasie van plantmateriaal.

“Onderrig lê my na aan die hart, en benewens volgehoue betrokkenheid by die US se studente sal ek ook graag wil help met die opleiding van mense in die bedryf,” vertel prof. Theron. Sy sal ook as mentor vir nuwe jong navorsers en tegnisi optree wat nog hul voete in die sagtevrugtebedryf moet vind.

Prof. Theron se insigte en kennis word wyd geag deur die industrie – plaaslik én internasionaal. Sy geniet lidmaatskap van die Internasionale, Amerikaanse en Suid-Afrikaanse verenigings vir hortologiese wetenskaplikes, en is ‘n lid van die EUFERIN werksgroep oor vrugte-uitdunning. Sy dien as direkteur op die raad van Citrus Research International, ASNAPP en is raadslid van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Tuinbouwetenskap. Daarby was sy ‘n lid van die internasionale wetenskapsadvieskomitee van die 2014 Internasionale Hortologiese Kongres in Australië en die organiseerder van internasionale kongresse oor peerproduksie en plantopleistelsels wat in Stellenbosch gehou is.

Prof. Theron is sedert 1985 verbonde aan die US Departement Hortologie, onder meer as voorsitter, en het ook reeds as dekaan van die Fakulteit AgriWetenskappe waargeneem. Sy was reeds betrokke by die opleiding van sowat 60 MScAgric-studente, waarvan talle al diep spore in die verskillende Suid-Afrikaanse vrugtebedrywe getrap het.

Foto onderskrif:

Mnr. Hugh Campbell, Hoofbestuurder van HORTGRO Science, prof. Karen Theron, die eerste bekleër van die Leerstoel in Toegepaste Vooroes Sagtevrugtenavorsing, en prof. Leopoldt van Huyssteen, waarnemende rektor aan die Universiteit van Stellenbosch.

Media navrae:

Prof. Karen Theron
Leerstoel in Toegepaste Vooroes
Vrugtenavorsing
Departement Hortologie, Universiteit
Stellenbosch
021 808 4762
kit@sun.ac.za

Hugh Campbell
Hoofbestuurder: HORTGRO Science
021 882 8470/083 306 6668
hugh@hortgro.co.za
www.hortgroscience.co.za